# BOEKBESPREKING.

**Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap No. II. Resolusies van die Politieke Raad, Deel II, 1670-1680.** Uitgegee deur die Publikasie-afdeling van die Kantoor van die Hoofargivaris. Kaapstad, 1959.

Met die publikasie van die Resolusies van die Kaapse Politieke Raad, waarvan die tweede deel nou verskyn het, word die Kaapse Argief so langsamerhand vir ons ontsluit. Die eerste deel, wat in 1957 die lig gesien het, bevat die resolusies vanaf 1651 tot 1669, terwyl hierdie deel nou direk daarby aansluit en die volgende tien jaar se resolusies in druk laat verskyn. Wat in hierdie werke gepubliseer word is stof wat nog nie juis in ander werke in een of ander vorm gepubliseer is nie, sodat dit heeltemal nuut is vir die persoon wat nie spesifiek om een of ander rede 'n studie daarvan in die argief gemaak het nie. By die deurlees van die werk tref dit mens dan ook herhaaldelik dat daar nog 'n baie groot hoeveelheid onbekende materiaal in die Kaapse argief rus wat op bestudering en verwerking wag. Hierdie werke bring voorwaar 'n groot deel nuwe kennis aan elkeen wat daarin mag belangstel. Onder andere word daarin belangrike gegewens verstrek oor die eerste aanraking en verhouding tussen blank en nie-blank. In ons gewone geskiedeniswerke is aan hierdie saak tot dusver nog so goed as geen aandag gegee nie terwyl hierdie resolusies belangrike stof bevat ook vir die probleem waarmee ons vandag besig is.

Net soos deel I is hierdie deel ook deur dr. A. J. Böeseken afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak terwyl sy dit ook van 'n kort inleiding, 'n verklarende woordelys en 'n uitgebreide register voorsien het. Dit is 'n genoeë om te kan konstateer dat dr. Böeseken haar op 'n uitstekende wyse van haar taak gekwyt het. Hier het ons te doen met 'n werk wat deur bekwame hande verrig en hoë eise aan bekwaamheid gestel het. En dr. Böeseken het haar op uitstekende wyse van haar taak gekwyt. Tesame met deel I vorm hierdie deel 'n baie waardevolle bydrae tot die reeks Argiefpublikasies en sal elke liefhebber en student

van die Suid-Afrikaanse geskiedenis met groot belangstelling na die vervolgdele uitsien.

J. S. DU PLESSIS.

**Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal No. 1: Notule van die Natalse Volksraad (volledig met alle bylae daarby) (1838-1845).** Die Staatsdrukker, (1959).

Met hierdie belangrike boekdeel in die reeks **Suid-Afrikaanse Argiefstukke** het die publikasie-afdeling van die Suid-Afrikaanse Argief nou ook begin om die Natalse Argief na die volk te bring. Hierdie betrokke boekdeel bevat die teks van die Notule van die Natalse Volksraad vanaf 1838 tot 1845 tesame met al dié van al die stukke wat daarop betrekking het en wat nog bewaar gebly het. Daarbenewens bevat dit ook 'n lys van 700 dokumente, waarvan in die Notule melding gemaak word, maar wat nie teruggevind kan word nie. Vir die navorser is so 'n publikasie van die allergrootste belang omdat hierdie besondere een alles bevat wat vir 'n studie van die Volksraadsperiode in Natal nodig is. Die werk word voorafgegaan deur 'n uitstekende inhoudsopgawe. Veral dié in verband met die bylae is van groot belang omdat dit 'n kort beskrywing bevat van waaroor die betrokke bylae handel. Dit, tesame met die uitgebreide register van persoonsname, die geografiese en saakregister aan die einde van die werk vergemaklik naslaanwerk geweldig.

Die werk, wat uit sowat 500 bladsye bestaan, is afgeskryf, met verklarende aantekeninge voorsien en persklaar gemaak deur die Redakteur van Argiefpublikasies, dr. J. H. Breytenbach. Soos mens al van ander sooortegelyke werk wat deur dr. Breytenbach verrig is, gewoond is, is hierdie werk ook keurig versorg. Die kort Inleiding en die verklarende en toeligtende aantekeninge getuig van diepgaande en noukeurige studie. Dr. Breytenbach het dan ook geen moeite ontsien om van hierdie werk 'n skitterende publikasie te maak nie. Dit is voorwaar 'n werk wat elke navorser op sy rak behoort te hê en in geen biblioteek, veral ook skoolbiblioteke mag dit ontbreek nie.

J. S. DU PLESSIS.

**W. A. de Klerk:** 'n Swerwer op die sonpad. Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1959. Prys 18/6.

W. A. de Klerk koester groot belangstelling en 'n innige simpatie met die Angola-Boere. Hierdie werk is eintlik 'n vervolg op sy vroeëre boek, „Drie swerwers oor die einders". In die werk hier onder bespreking beskrywe De Klerk die verdere lotgevalle van die Angola-Boere teen die geografiese en tydsagtergrond van die land waarin hulle gewoon en geleef het. In 1957 het De Klerk in geselskap van gewese Angola-Boere 'n uitgebreide reis na en in dié gebied onderneem, waar hulle o.a. die groot fees te Humpata bygewoon en veral die verste noordelike nedersetting, Mambolo, besoek het.

Na aanleiding van plekke waar hulle aangedoen het, hedendaagse Angola-Afrikaners met wie langs die pad kennis gemaak en gedagtes gewissel is, en gesprekke wat met die sg. Makvolk gevoer is, gee die skrywer dan in 'n pragtige beeldende taal en in sy karakteristieke styl, benewens die geskiedenis van dié mense en hulle land, 'n duidelike beeld van die lewensomstandighede van die huidige geslag. Die werk adem 'n warme liefde vir daardie groep Afrikaners wat soveel lyde en smart moes verduur om Afrikaners te bly. Hoewel dit 'n geskiedenisboek is, kry mens nooit die indruk dat jy met 'n geskiedenisboek in die gewone sin van die woord besig is nie. Dit is 'n verhaal — 'n ware en menslike verhaal — wat oud en jonk sal aangryp en wat deur almal baie leersaam gevind sal word.

J. S. DU PLESSIS.